

# Les 7

Teks: Johannes 4: 31 - 41

## 1. Inleiding

Hierdie gedeelte begin amper half ironies. In vorige gedeelte, praat Jesus van lewende geestelik water terwyl die samaritaanse vrou gefokus is op gewone water. Maar nou gebeur dieselfde met die dissipels wat moes gaan kos haal in die dorp. Jesus verwys na voedsel wat hy het waarvan hulle nie weet nie. En hulle dink iemand anders het fisiese voedsel aan Hom verskaf. Maar eintlik verwys Jesus die geestelike voedsel van God se wil.

## 2. Die gaping tussen oes en plant

Daar is verduidelikings wat lei dat verwysing na vier maande hierdie insident iewers in Desember of Januarie plaas. Vier maande voor die normale lenteoes. En dan word hierdie sienings dikwels versterk deur na leesroosters van die tyd kyk. In die sinagoges sou so 'n leesrooster dan op agtergrond gebeur in hierdie verband val. Die probleem bly egter dat hulle nou in die onmiddellike Samaritaanse konteks is, en nie die tipies joodse konteks nie.

Verder is dit duidelik dat die persoon wat oes nou reeds werk het. Daar is nie 'n oestyd wat eers eendag gaan aanbreek nie. Die oestyd het reeds begin en die seisoenwerker, werk reeds. Iets van die Ou Testamentiese profesie in Amos word nou al 'n waarheid. Verder maak die teksgedeelte ook die ruimte oop dat daar ook ander saaiers as Christus en dissipels self was.

## 3. Twee verduidelikings oor oes waar nie gesaai is nie.

Die eerste verduideliking verwys na die verwysing in Handeling 8 na ander mense wat die Evangelie in Samaria verkondig het. Die dissipels en Jesus sal dan nou oes wat hierdie mense gesaai het. Dit is 'n baie letterlike en lokale vertolking van Christus se woorde in ons teksgedeelte.

Die ander verduideliking is bietjie wyer en groter. Dit verduidelik dat die eskatologiese tyd om te oes nou begin aanbreek het. Dat deur die Jare deur verskillende mense gesaai is, maar dat die tyd om te oes nou is. Maar in dit alles is die waarheid, dat saai en oes nie dikwels deur die selfde persoon geskied nie. Wanneer jy oes moet jy onthou dit is 'n ander arbeider wat gesaai het, en andersom natuurlik.

## 4. Jesus die Verlosser van die wêreld

Dit is so amper as die samaritane 'n rukkie afwesig is, maar dan in vers 39 weer betrokke raak in die teksgedeelte. In hierdie laaste gedeelte aanvaar hulle vir Christus as die verlosser. Maar nie op grond van die getuigenis van die samaritaanse vrou nie. Hulle aanvaar Jesus omdat hulle self sy woorde hoor gedurende die twee dae se bediening in Samaria. Hier is werklik 'n groot ons in Samaria in hierdie twee dae se bediening.

Laastens is die term "Verlosser van die wêreld" 'n gelaaide term, nie net in Samaritaanse Teologie nie. Maar ook elders in die wêreld. Heidene wat bekend is met die Grieks-Romeinse kultusse sal herinner word aan heidense 'reddergode', soos Asklepios, die god van genesing, Isis of Zeus, almal van hulle ook aanbid onder die titel 'Verlosser'. Hulle (en ander) sal weet dat 'Verlosser' ook toegepas word op Hellenistiese heersers soos Ptolemeus Soter en Romeinse keisers vir hul verlossing van mense uit hulle vyande se mag. (Nero en later Hadrian was ook 'Verlosser van die wêreld' genoem).

Maar tog is verlosser van die wêreld 'n gepaste term om hierdie eerste bediening oor kulturele grense mee af te sluit.

